Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186

27 Februarie 2017

NUUSBRIEF 8

Geagte Ouers

GRAAD R EN GRAAD 1 OPEDAE

Ons herinner alle positiewe ouers, vriende en familie van Laerskool Villlieria aan ons opedae. Soos u reeds teen die skoolheinings sou opgemerk het, is ons voluit aan die gang met bemarking van ons opedae.

Graad R = Saterdag, 11 Maart 2017 vanaf 09:00 tot 11:00
Graad 1 = Woensdag, 8 Maart 2017 om 18:00

TUSSEN-BEHEERLIGGAAMVERKIESING

Baie geluk aan me Adele van Geer en advokaat Werner Hattingh met hulle verkiesing as lede van ons Beheerliggaam. Mag julle die harde werk wat reeds verrig is voluit voortsit.

RUGBY EN NETBAL

As gevolg van die rëen wat ons oefentye en wedstrydvoorbereiding gekortwiek het, het al die afrigters saam besluit om die wedstryde wat op 2 Maart 2017 teen Laerskool Rooihuiskraal sou plaasvind, af te stel. Oefentye sal hiedie week normaal voortgaan.

Rugbyoefentye

DAG	SPAN	TYE
Maandag	O/9 & O/10	15:00 – 16:00
	O/11 & O/13	16:00 – 17:00
Dinsdag	O/9 & O/10	14:00 – 15:30
	O/11 & O/13	15:00 – 17:00
Donderdag	O/9 & O/10	14:00 – 15:30
	O/11 & O/13	15:00 – 17:00

FOTO'S

Ons herinner net weer dat alle fotogeld van Graad 2 tot 7 asseblief voor 16 Maart 2017 by Mnr Malan inbetaal sal word. Onthou om asseblief die korrekte bedrag in die koevert te plaas. Geen kleingeld kan gegee word nie.

ENTREPRENEURSDAG

Die seniorafdeling van Graad 4 tot 7 se leerders kry eerskomende Woensdag, 1 Maart 2017 weer die geleentheid om met hul handelsware te woeker. Geen gevaarlike speelgoed of eetgoed wat kougom bevat word toegelaat nie.

Villiesgroete

_____

D P HAASBROEK
HOOF

Wiskunde Hulp!

Privaatlesse:

- Een tot een (R200 per uur).
- Groep van twee (R150 per persoon per uur).
- Groep van drie (R120 per persoon per uur).
- Groep van vier (R100 per persoon per uur).

Alle leerders tot en met Gr.10.

Kom kry 'n liefde vir wiskunde en stoot daardie punte op!

Indien u belangstel, skakel René by
060 518 5575
(Hatfield)